

# Israel verower Kanaän; dog kraai nie oral koning

SIGEM. - Die Israeliete, wat die land Kanaän onlangs uit die suide ingeval het, het gister hier by 'n groot volkskongres die huidige stand van sake in oënskou geneem. Die verskillende stamme het elkeen kom verslag doen oor die vordering wat daar gemaak is om die land in besit te neem.

Na afloop van die kongres was die volksleiers dit eens dat hulle rede het om tevrede te voel met die vordering wat tot dusver gemaak is. Almal het egter ook saamgestem dat daar nog harde werk voorlê. Al die stamme het berig dat hulle, ondanks talle welslae, onsuksesvol was om die Kanaäniete geheel en al te verdryf.

Die groot vraag wat die kongres moes beantwoord, is wat om in hierdie situasie te doen. Party afgevaardigdes het sterk standpunt ingeneem teen enige vorm van samewerking met die Kanaäniete wat nog nie verdryf is nie. Hulle het geargumenteer dat die ou inwoners van die land voortdurend 'n gevaar sal inhou en daarom uitgewis of verdryf moet word. Die mense wat so gevoel het, was egter in die minderheid. Die meerderheid kongreslede het besluit dat daar sover moontlik met die ou inwoners van die land verdrae gesluit moet word, sodat daar vrede kan kom en die Israeliete hulle aandag kan wy aan die belangrike vestigingsfase waarin die volk nou inbeweeg.

- Lees hiervan in [Rig. 1](#). Kyk ook na die haglike situasie in [Rig. 2:1-10](#).

## SPANNING IN PALEIS BEREIK BREEKPUNT; DAWID VLUG IN NAG

GIBEA. - Kaptein Dawid ben Isai het verlede nag ternouernood aan die dood ontkom toe hy met behulp van sy vrou, prinses Mikal, daarin geslaag het om uit die paleis te ontsnap. Koning Saul het vroeër die dag 'n aanslag op sy lewe gemaak. 'n Lasbrief is vanoggend vir sy inhegtenisneming uitgereik.

Dawid het die afgelope tyd astronomiese opgang in die leer gemaak. Sy lang

reeks suksesvolle veldtogte teen veral die Filistyne het begin met die heldhaftige oorwinning oor die reus Goliat. Sedertdien het hy van krag tot krag gegaan, en as erkenning hiervoor het koning Saul sy dogter Mikal aan hom as vrou gegee.

Dit blyk egter nou dat die koning vrees dat sy nuwe skoonseun se gewildheid 'n bedreiging vir sy eie posisie as eerste burger van die land inhou. Dit het verhoudinge tussen hom en sy skoonseun versuur.

Ondertussen het meer besonderhede oor Dawid se ontsnapping bekend geraak. Volgens 'n amptenaar van die paleis het Mikal opgemerk dat haar pa wagte voor hulle deur opgestel het om te keer dat Dawid ontsnap. Sy het haar man toe met 'n mandjie deur die venster laat afsak, sodat hy kon wegkom. Toe het sy haar afgodsbeeld in Dawid se bed gesit en met komberse toegemaak sodat dit lyk of hy slaap.

Toe die koning se mense Dawid kom soek, het sy gesê hy is siek, en só waardevolle tyd gewen. Teen die tyd dat koning Saul haar stukkie bedrog ontbloom het, was Dawid veilig. Die koning was glo woedend vir sy dogter, maar sy het haar verweer deur te sê Dawid het haar met die dood gedreig as sy hom nie help nie.

Dis nie bekend waar Dawid hom tans bevind nie.

- Lees van dié stormagtige tyd in Dawid se lewe in [1 Sam. 19](#).

---

## Die Bybelkoerant

### Ook die klein besluite tel

'n Mens wonder dikwels: waar het dinge dan verkeerd geloop dat dit só geëindig het? Waar het Israel dan verkeerd gegaan dat hulle uiteindelik in ballingskap weggevoer is en hulle onafhanklike bestaan as Godsvolk in Palestina verloor het? Waar het dit dan met Saul verkeerd geloop dat God hom later as koning verwerp

het?

Die antwoord op hierdie vrae is meestal nie so dramaties soos die uiteinde nie. Israel het nie op 'n mooi oggend wakker geword en ontdek hulle is op die punt om as volk tot niet te gaan nie. Saul het nie een middag van sy etenstafel af opgestaan en besluit om sy rug op God te draai nie. Die waarheid is dat 'n ramspoedige einde dikwels die gevolg is van 'n lang geskiedenis van (klein) verkeerde besluite. Besluite wat aanvanklik nie so groot lyk nie. Later blyk dit egter die begin van die einde te wees.

In Rig. 1 en 2 sien ons die begin van Israel se einde: hulle verdryf nie die Kanaäniete nie, maar sluit bondgenootskappe met hulle. Uiteindelik sou die Kanaänitiese afgode 'n spyker in Israel se doodskis word. Maar amper erger is die opmerking in 2:10: "... die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van sy groot daade wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie." Binne een geslag sterf die geloof uit, omdat die Here nie 'n werklikheid in die gesinslewe was nie. Die kinders het niks van Hom geweet nie!

Dit was ook waar Saul se probleem begin het: hy het in sy huis God én afgode gedien. Waarom anders sou Mikal 'n afgodsbeeld byderhand hê?

Jou lewe en (klein) beslissings vandag is bepalend vir die toekoms. Leef dan vandag en besluit vandag in biddende afhanklikheid van God!

---

## **DIE ISRAELIETE TREK DEUR DIE JORDAAN**

GILGAL. - Die langverwagte - en gevreesde - Israelitiese intog in die land Kanaän het vandag 'n werklikheid geword toe die Israëliete deur die Jordaan getrek het en hier by Gilgal kamp opgestaan het.

Hoewel hulle tot dusver nie die Kanaäniete lastig geval het nie, vrees inwoners dat hulle die land met geweld van hulle sal probeer afneem. Die konings van

Jerigo, Ai, Bet-El en Gilgal gaan juis in die lig van hierdie bedreiging oormôre 'n spitsberaad hou.

- Lees hiervan in [Jos. 3-5:1](#).

## **PRINS AMNON VERMOOR DEUR SY BROER**

JERUSALEM. - Die hele stad is gister tot stilstand geruk deur die skoknuus dat kroonprins Amnon vermoor is. Sover vasgestel kan word, is Absalom, die tweede aanspraakmaker op koning Dawid se troon, die een wat agter die moord sit.

Teenstrydige berigte het aanvanklik die paleis bereik. Die eerste berigte het gelui dat prins Absalom tydens 'n oesfees in Baäl-Gasor al die koningseuns vermoor het. Jonadab, seun van die koning se broer Samma en 'n boesemvriend van prins Amnon, het egter aan die koning berig dat dit slegs Amnon is wat vermoor is en dat sy ander seuns veilig is. Kort hierna het die prinse opgedaag. Toe hulle hulle vader sien, het hulle hardop begin huil van skok en ontsteltenis, en hy saam met hulle.

Prins Absalom het nie na Jerusalem teruggekeer nie. Sover vasgestel kan word, het hy na Gesur gevlug, waar hy glo om asiel wil aansoek doen by koning Talmi.

Mense na aan die koningshuis sê dat dié moord die kulminasie is van twee jaar van bitter vyandigheid tussen Amnon en Absalom. Hoewel dit om verstaanbare redes nie rugbaar gemaak is nie, het Amnon destyds Absalom se beeldskone suster Tamar verlaag. Die koning was glo woedend, maar hy het niks gedoen om die onreg reg te stel nie. Absalom het hom oor Tamar ontferm, maar hy het sy halfbroer nooit dié onreg vergewe nie.

- Lees hiervan in [2 Sam. 13](#).

# Ontevredenheid oor Eli se seuns kring uit

SILO. - Al meer Israeliete kla oor die gedrag van die priester Eli se seuns, die priesters Hofni en Pinehas. Nie net ontwy hulle die aanbidders se offers deur onregmatig van die vleis vir hulle op te eis nie; daar is selfs sprake daarvan dat hulle by die vrouens slaap wat diens doen by die ingang van die tent van ontmoeting.

## SKOOL VAN RABBI SJAMMAI

Laat u seun onderrig in die beste tradisie van Tora-uitleg. Die kursus gee ook ruim aandag aan die mondelinge oorleweringe van ons vaders. Kontak u naaste sinagoge vir meer besonderhede.

Een ontnugterde aanbidder het die gevoel van talle Israeliete opgesom toe hy aan ons korrespondent gesê het: "Hulle maak 'n bespotting van die offerdiens en die priesteramp. As daar nie iets drasties verander nie, kom ek nie weer hierheen nie."

- Lees [1 Sam. 2:13-17](#) en [22-36](#).

---

## Die Bybelkoerant

### Maak tyd vir jou kind

Dis tragies dat mense wat die Here sonder twyfel innig liefhet én daarby met oorgawe vir Hom lewe, kinders kan hê wat die pad heeltemal byster raak. Jy ken waarskynlik self toegewyde gelowiges wie se kinders nie in hulle spore volg nie.

In die Bybel lees ons ook van sulke mense; mense wat met die groot smart moes saamleef dat hulle kinders weinig erg het aan God en sy gebod. Eli en Dawid was, uit die getuienis van die Bybel self, mense wat naby aan God geleef het. En tog het hulle kinders nie die Here liefgehad nie.

'n Predikant vertel dat sy kind, toe hy die verhaal van Absalom hoor, by sy vrou wou weet hoekom Absalom so stout was terwyl Dawid dan so 'n goeie man was.

Haar antwoord was dat Dawid seker maar só besig was om die land te regeer dat hy nie tyd gehad het om sy kinders reg te leer nie. Die kind het daarop begin huil en gevra: “Mamma, wat gaan dan van ons word? Pappa waai net in by die huis, dan waai hy weer uit!”

Het jy tyd vir jou kind? Tyd om só by jou kind te wees dat iets van jou liefde vir die Here, iets van jou toewyding aan Hom en sy Woord afgee op hom?

Dit was die groot beginsel van verbondsoopvoeding in die Ou Testament: dat die ouers met hulle kinders sal praat: “Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan” (Deut. 6:7). Daarom beveel Josua ook die volksleiers om ’n monument op te rig daar waar hulle deur die Jordaan getrek het, sodat hulle ’n aanknopingspunt het om met hulle kinders oor die wonderdade van God te praat ([Jos. 4:4-7](#)).

Maak tyd vir jou kind!

---

## **Israeliete neem goue kalf feestelik in ontvangs**

SINAIBERG. – Die Israelitiese leier Aäron het vanoggend hier aangekondig dat daar môre ’n fees vir die Here gehou sal word. Hy het dié aankondiging gedoen by die onthulling van ’n beeld van ’n bulkalf wat hy op versoek van die volk gemaak het.

Die beeld van suiwer goud is ’n meesterstuk van vakmanskap. Die goud kom van duisende goue ooringe wat die volk gegee het sodat Aäron dit kon opsmelt om die kalf mee te maak. By die onthulling van die beeld het Aäron sy volksgenote bedank vir die ruimhartige wyse waarop almal bygedra het om die kalf ’n werklikheid te maak.

Die gedagte aan die beeld het 'n tyd gelede ontstaan toe die volk onrustig begin word het omdat hulle leier Moses, 'n jonger broer van Aäron, spoorloos verdwyn het. Hy het bykans sewe weke gelede die berg Sinai uitgeklim en in die wolke wat oor die berg gehang het, ingestap om hulle God te ontmoet. Sedertdien is hy nog nie weer gesien nie, en die vermoede bestaan dat hy in die berg omgekom het. Daar was juis in die tyd dat hy verdwyn het 'n hewige aardbewing en swaar donderweer op die berg.

Moses was die man deur wie God die volk uit Egipte gelei het. Met sy verdwyning is hulle nou herderloos, en die volk het aangedring op iets om hulle te verseker dat die God van Moses nog steeds by hulle is. Dit het Aäron laat besluit om die bulkalf te maak. Die kalf, het hy ons korrespondent verseker, is nie 'n nuwe god nie. Dit is net 'n rydier vir hulle God Jahwe wat hulle uit Egipte verlos het. "As ons die beeld sien, weet ons God is by ons, want Hy ry op die kalf saam met ons deur die woestyn. Daarom gaan ons more feesvier ter ere van die Here."

Oor sy kunstige vakmanskap is die man agter die beeld baie beskeie. Hy het sy prestasie afgemaak as 'n nietigheid. "Ek het maar net die goud in die vuur gegooi, en toe het die bulkalf as 't ware vanself daaruit gekom," het Aäron gesê.

Lees hiervan in [Eks. 32](#).

# FILISTYNE VERPLETTER ISRAEL BY AFEK

## **Militêre verslaggewer**

AFEK. - Die Filistynse leërmagte het gister hier 'n slagting onder die Israeliete aangerig toe hulle nie minder nie as dertig duisend Israelitiese voetsoldate afgemaai het. Hierdie klinkende oorwinning kom slegs enkele dae na 'n skermutseling tussen dié twee leërs waarin vier duisend man van Israel gesneuwel het.

Om sake vir die Israeliete te vererger, is die verbondsark van die Here ook deur

die Filistyne gebuit. Die verbondsark is die enkele mees kosbare godsdienstige besitting van die Israeliete, en dateer uit die dae van hulle omswerwinge in die Sinaiwoestyn. Destyds het hulle groot leier Moses die ark laat maak om die twee kliptafels waarop die Tien Gebooe gegraveer is, in te bêre. Volgens oorlewering het hulle God self sy groot wet op dié klippe geskryf.

Die ark is na die eerste nederlaag 'n paar dae gelede uit Silo laat haal, omdat die Israeliete geglo het dat dit sal verseker dat hulle God hulle in die geveg sal help. Die besluit het egter lelik op hulle geboemerang, aangesien dit die Filistyne aangespoor het om nóg harder te veg.

Ons korrespondent in Silo, waar die ark die afgelope veertig jaar in die sorg van die priester Eli was, berig dat die gryse priester gisteraand van skok agteroor van sy stoel geval het toe hy die tyding gekry het dat die ark gebuit is. Hy het sy nek in die val gebreek en is op slag dood.

Lees hiervan in [1 Sam. 4:1-11](#).

---

## Die Bybelkoerant

### **Ons kan God nooit besit nie**

Het die Israeliete hier 'n nuwe, ander god ingevoer? Dit lyk tog nie so nie. Die kalf moes dien as teken van God - dié God wat hulle uit Egipte verlos het - se teenwoordigheid. Daarom kondig Aäron "'n fees vir die Here" af (Eks. 32:5).

Hulle motief is duidelik: solank die kalf by hulle is, weet hulle God is by hulle. Hy ry immers op die kalf met hulle saam. Só, het hulle gemeen, kan hulle 'n houvas op God kry.

Hoe futiel dit is om op so 'n manier God te probeer manipuleer, het hulle kort daarna agtergekom toe Moses die beeld tot poeier gemaak het. Dit moes die



Israeliete jare later by Afek nogeens leer toe hulle gemeen het hulle kan God met die verbondsark in hulle laer inlok.

Die versoeking is vandag nog net so groot om vir God op een of ander wyse voor te skryf: hoe Hy behoort op te tree, wat Hy moet en nie moet doen nie, hoe Hy ons lewe en wêreld moet regeer. God laat Hom egter nie rondstoot nie – nie toe nie, en ook nie nou nie. Hy is immers die soewereine God van hemel en aarde.

Ons kan Hom nooit besit nie. Hy moet óns besit. Ook vandag.

---

## Hebreërs spel gevaar, sê farao

MEMPHIS. – Die farao het gister die ganse Egiptiese volk opgeroep om te help om die snelle aanwas onder die Israelitiese bevolking te stuit. Hy het gesê die Hebreërs se getalle neem sodanig toe dat dit 'n ernstige bedreiging vir die stabiliteit in die land kan word. Daarom beveel hy die hele volk om elke pasgebore Israelitiese seuntjie in die Nyl te gooi. Die dogtertjies mag egter bly lewe.

Die dekreet het 'n vloedgolf van verontwaardiging en selfs protes in humanitêre kringe tot gevolg gehad. Faraο Sethos het hulle verseker dat dit die laaste uitweg is. “As ons nie baie gou dié aanwas hokslaan nie, sit ons binne 'n paar jaar met 'n nasionale ramp van ongekende omvang,” het hy gesê in antwoord op besware. Hy het statistieke aangehaal wat daarop dui dat die Hebreërs alreeds 'n getalsoorwig teenoor die Egiptenare het. Alleen is hulle nie veel werd nie, het hy gesê, maar as hulle hulle in geval van oorlog by die vyand skaar, is daar probleme.

Die farao het verduidelik dat hy reeds twee ander metodes probeer het om hulle getalle te beperk, maar dat beide dié maatreëls misluk het. Sy eerste plan was om die hele volk met dwangarbeid te onderdruk. Toe dit alleen nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy die Israelitiese vroedvroue versoek om die seuntjies by geboorte dood te maak, maar hulle het nie hulle samewerking gegee nie. Dus het hy nou geen ander keuse nie as om dié drastiese maatreël in te stel.

Ons het verneem dat die Israelitiese leiers 'n dringende versoek tot die farao gerig het om hulle te woord te staan, maar volgens 'n paleiswoordvoerder is sy program tans te vol om hulle in te pas.

- Lees hiervan in [Eks. 1:8-22](#).

## **MENSESLAGTING IN NOB**

GIBEA. - Vyf en tagtig priesters met hulle vrouens, kinders en al - dit is al die inwoners van die priesterdorpie Nob - is gister op bevel van koning Saul met die swaard uitgewis. Die teregstelling volg op beweringe deur Doëg die Edomiet dat die priesters van Nob teen die koning saamgesweer het deur die voortvlugtige Dawid seun van Isai te help ontsnap.

Die oorledenes behoort almal tot die familie van die priesterhoof Agimelek, seun van Agitub. Die enigste oorlewende is Agimelek se seun Abjatar, wat daarin geslaag het om te ontvlug. Ons het verneem dat hy hom intussen by Dawid aangesluit het.

In die summiere verhoor hier het Agimelek getuig dat hulle in goeie trou gehandel het toe hulle Dawid ontvang het, aangesien hulle onbewus daarvan was dat hy vir die koning gevlug het. Saul wou egter nie hulle storie glo nie, en het sy amptenare beveel om almal te dood. Niemand, selfs nie sy lojaalste amptenare, wou 'n hand teen die priesters oplik nie. Uiteindelik het Doëg toe man-alleen al die inwoners van Nob gedood.

Dié jongste vergryp van koning Saul laat die vraag ontstaan of hy nog geskik is om die volk te lei. Al meer mense is bekommerd daaroor dat sy obsessie oor Dawid besig is om sy gesonde oordeel aan te tas.

- Lees dié gruverhaal in [1 Sam. 22](#).

## GEBOORTES

Ben Kehat. Amram die Leviet en Jogebed het die pragtigste seuntjie en boetie vir Aäron en Mirjam van die Here ontvang. Dank aan die God van ons vaders, en aan die vroedvroue Sifra en Pua.

- Lees hiervan in [Eks. 2:1-10](#); [6:17,19](#).

---

# Die Bybelkoerant

## Is die duiwel is los? Nog nooit!

'n Mens skrik eintlik as jy sien tot watter uiterstes die duiwel sal gaan om God se groot plan met hierdie wêreld te fnuik. Dit is duidelik dat hy hom nie steur aan enige reëls nie. Vir hom het 'n mens se lewe – of dit nou 'n priester, 'n vrou of 'n pasgebore babatjie is, maak nie verskil nie – geen betekenis nie.

Wat amper nog meer ontstellend is, is die feit dat hy daarmee wegkom. 'n Mens vra jouself die vraag af: hoekom laat God dit toe? Gee Hy dan nie om dat onskuldige mense gedood word nie?

God gee om, meer as wat ons ooit kan verstaan. In [Ps. 116:15](#) staan dit immers uitdruklik: “Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie.” En tog laat Hy toe dat sy kinders ly en selfs sterwe. Hoekom, weet ons nie.

Wat ons wel weet, is dat die duiwel nie die laaste woord inkry nie; dat hy nooit, al probeer hy hóé hard, sal wen nie. Daarom haas die verteller van die Eksodusverhaal hom om vir ons van die geboorte van Moses te vertel. Want hy wil vir ons sê: God is nie onkant betrap deur die gebeure nie. Hy het 'n plan waarby Hy farao se eie dogter betrek.

Natuurlik sou dit nog jare duur voordat Moses oud genoeg was vir God se plan.

Maar hy wat glo, is bereid om op God te wag.

---

# Farao vier sy geboortedag met 'n groot onthaal

## Van ons Ou Testament redaksie

AVANIS. - Die farao het gister sy verjaarsdag luisterryk gevier toe hy al sy amptenare op 'n reusebanket onthaal het. Kos en drank was daar in oorfloed, en die danseresse het met hulle skoonheid en grasia die gaste van al hul sorges laat vergeet.

Die hoogtepunt van die onthaal was weer eens die openbare verhoor van die farao se persoonlike gevangenes. Vanjaar is daar twee baie prominente gevangenes voor die farao gebring: die hoofkelner en die hoofsjef van die paleis, wat al geruime tyd in die koninklike tronk aangehou is. Die sjef is ter dood veroordeel: hy moet aan 'n paal hang totdat die voëls sy bene kaal gevreet het. In 'n grootmoedige gebaar wat 'n dawerende applous uitgelok het, het die farao die hoofkelner begenadig en weer in sy pos aangestel. Hy het onmiddellik sy werk hervat en vir die res van die banket die farao bedien.

*Die Bybelkoerant* het na afloop van die fees 'n kort onderhoud met die gelukkige kelner gevoer. Hy het gesê hy is nie eintlik verbaas oor die uitslag nie. Hy het drie dae tevore 'n droom gehad waarin die gode hom verseker het dat hy in sy amp herstel sal word. Hy sê hy voel nogal sleg oor die sjef, want hulle het lank 'n sel gedeel en goeie vriende geword. Oor sy tyd in die tronk wou hy nie veel uitweien. "Dis 'n verskriklike plek daardie. Bid net dat jy nooit daar kom nie."

- Lees dit in [Gen. 40](#).

# Dawid steeds voortvlugtig; ontwyk koning Saul net-net

GORESA. – Dawid seun van Isai, sy ouers en sy hele familie asook talle meelopers het gister inderhaas hiervandaan na die Maonwoestyn gevlug. Dit volg op berigte dat die Siffiete sy skuilplek aan koning Saul verklap het.

Dit is al die hoeveelste wegkruipplek waaruit Saul vir Dawid gejaag het. Dawid het, nadat hy in onguns by die koning geraak het, eers in Gat gaan skuil, toe in die Adullam-grot, en daarvandaan na Misper in Moab. Hy is kort daarna na die Geretbos in Juda. Daarvandaan het hy na Keïla getrek nadat hy die stad uit die mag van die Filistyne bevry het, maar ook daar het Saul hom uitgejaag, en hy het na bergskuilings in die Sifwoestyn gevlug. Later het hy hom hier in Goresa kom vestig.

Ons korrespondent in die koninklike leër berig intussen dat die soldate vir Dawid die bynaam “Vlakhaas” gegee het omdat hy elke keer uit ’n nuwe gat moet vlug. Een van die soldate het skertsend opgemerk: “Hy is so bang vir ons koning, as hy net die naam Saul hoor, hardloop hy al!”

- Lees hiervan in [1 Sam. 23:19-28](#).

## VERRAAIER ONTSNAP

### Van ons Nuwe Testament redaksie

DAMASKUS. – Saul van Tarsus het laasnag spoorloos verdwyn, ten spyte van uitgebreide maatreëls deur die Joodse gemeenskap hier om hom te vang sodra hy die stad probeer verlaat.

Saul, ’n Joodse rabbi, het enkele dae gelede uit Jerusalem na Damaskus gekom met aanbevelingsbriewe van die hoëpriester. Sy oogmerk was om aanhangers van “Die Weg” in hegtenis te neem en na Jerusalem te neem vir ’n verhoor voor die Joodse Raad.

Saul het hom met sy aankoms hier egter nie, soos verwag is, by die sinagoge

aangemeld nie. Onbevestigde berigte lui dat hy by ene Judas van Reguitstraat tuis was. Hy is glo ook by byeenkomste van die sekte opgemerk. Voorts het hy die Jode woedend gemaak toe hy in die sinagoges die dwaalleer van die sekte, naamlik dat Jesus van Nasaret die Seun van God is, verdedig het. Dit het hulle laat besluit om hom te vermoor, maar nou het hy ontsnap.

“Die Weg” is ’n sekte wat onlangs in Jerusalem gestig is. Saul se veldtog in Jerusalem teen die sekte was só geslaag dat talle Jerusalem uit vrees vir hulle lewe verlaat het. Party van hulle het hulle in Damaskus kom vestig; gevolglik het die sekte nou ook hier die stad posgevat.

- Lees hiervan in [Hand. 9:19b-25](#).

---

## Om oor na te dink

Hoekom gaan dit soms met jou sleg? Daar is mense wat sal sê: dit is omdat jy nie naby genoeg aan die Here lewe nie. Die Here wil tog vir ons net die beste gee.

Maar dan moes dit mos met Josef ook net goed gegaan het! Hy het immers ’n onbesproke rekord in Egipte gehad. En tog beland hy in “hierdie gat”, soos hy die tronk noem (Gen. 40:15), al was die Here by hom. So lees ons in Gen. 39:21: “Terwyl Josef daar in die tronk was, was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind ...”

Ook van Dawid lees ons dat hy telkens weer “bang voor Saul (moes) wegvlug” (1 Sam. 23:26). Dit was ook Paulus se ondervinding ná sy bekering. En van hulle albei getuig die Bybel ondubbelsinnig dat hulle naby die Here geleef het.

As alles in jou lewe nie verloop soos jy dit graag wil hê nie, beteken dit nie dat God jou vergeet het of dat daar sonde in jou lewe is wat jy eers moet aflê voordat dit beter kan gaan nie. Dikwels (meestal) is daar nie ’n eenvoudige verklaring vir jou swaarkry nie, behalwe dat dit deel is van die gebroke werklikheid waarin ons leef. En natuurlik, dat Satan sy bes doen om God se kinders seer te maak. Die regte vraag in lyding is nie: “Hoekom gebeur dit met my?” nie. Die regte vraag is:

“Hoe gaan ek hierdeur kom?” Dáárop is daar ‘n antwoord. God belowe dat Hy jou nie in jou swaarkry sal los nie. Dit was immers Jesus se [laaste woorde](#) voor sy hemelvaart: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde... En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

---

## Jong seun ontvang ‘n openbaring van God

SILO. – ‘n Seun het hier daarop aanspraak gemaak dat God in die nag aan hom verskyn het met ‘n boodskap aan sy mentor, die hoëpriester Eli.

Die seun, Samuel, is ‘n gewilde helper vir diegene wat hulle offers na die altaar bring, aangesien Eli se twee eie seuns, Hofni en Pinehas, nie die aanbidders goed behandel nie en dikwels aanspraak maak op meer as hulle regmatige deel van die offer. Onbevestigde berigte lui dat die boodskap wat Samuel van God ontvang het, juis oor hierdie twee seuns handel.

Toe Eli om kommentaar genader is, was hy vol lof vir die skrandere seun. “Hy gaan dit nog ver bring, kan ek julle verseker,” het hy opgemerk. Hy wou nie veel sê oor berigte dat God ‘n oordeel oor sy twee seuns aangekondig het nie. “Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil,” was sy enigste antwoord.

Samuel het op ‘n baie besondere wyse in die tabernakel beland. Sy moeder, Hanna, was onvrugbaar. Nadat sy ‘n gelofte teenoor die Here afgelê het, het sy egter swanger geraak, en is Samuel gebore. Toe hy gespeen is, het sy hom na Eli gebring soos sy aan God beloof het, sodat hy sy lewe in diens van God kan wy.

Die oudstes van die stad hier is vol hoop dat Samuel die geestelike leier van die Israeliete sal word. Daar is ‘n groot honger na die woord van die Here, het hulle gesê, maar dit lyk nie of Eli se seuns die leiers by hulle bejaarde vader sal kan oorneem nie. “As God aan Samuel verskyn het, is dit die antwoord op ons gebede,” het ‘n man bewoë opgemerk.

- Lees meer hieroor in [1 Sam. 1-3](#).

## **JODE KAN TERUGKEER NA VADERLAND**

BABEL. - Daar was gister uitbundige vreugde in die stad se Joodse gemeenskap toe koning Kores 'n proklamasie uitgevaardig het wat hulle in staat stel om na hulle vaderland terug te keer en die tempel in Jerusalem te herbou.

Die terugkeer lui 'n nuwe tydvak vir die Jode in nadat hulle 70 jaar lank hier in ballingskap gelewe het. Hulle is destyds deur die groot Babiloniese koning Nebukadnesar hierheen gebring as deel van sy beleid om volke te hervestig om so stabiliteit in sy ryk te bewerkstellig. As strafmaatreël het hy ook die groot tempel wat koning Salomo nog gebou het, met die grond gelyk gemaak.

- Lees hiervan in [Esra 1](#).

## **Daar was nie altyd 'n aarde nie, sê Teo Loog**

JERUSALEM. - 'n Bekende geleerde in die stad, prof. Teo Loog, het gisteraand op 'n vergadering van die argeologiese vereniging gesê al sy navorsing dui daarop dat daar nie altyd 'n aarde was nie.

“Wat my besonderlik opgeval het in my navorsing oor die verhale van die oertyd, is dat daar geen volk is wat nie in sy oorgelewerde tradisies 'n verhaal het oor die ontstaan van alle dinge nie. In die meeste verhale is die wêreld soos ons hom ken, die gevolg van 'n oerstryd tussen die skeppergod en die god van chaos,” het hy gesê. In die korpus van skeppingsverhale is die verhaal wat in die Bybel opgeteken is egter uniek in dié sin dat hierdie verhaal nie weet van enige stryd rondom die skepping nie. Genesis, die eerste boek in die Bybel, praat net van een God, Jahwe, wat van die begin af daar was. Volgens die Bybel het alles wat ons om ons sien, deur 'n magswoord uit sy mond ontstaan. Vóór die skepping was daar egter niks. Net God.



“Dit laat jou gedagtes duisel om te dink aan ’n heelal met niks – geen aarde, geen son, sterre, niks. Net God. En tog was dit eers so,” aldus prof. Loog.

- Lees meer hieroor in [Gen. 1 en 2](#).
- 

## Om oor na te dink

Jy begin vandag met ’n nuwe jaar. Dit is daarom goed om weer ’n slag stil te word met die wonderlike troos dat God die God is van nuwe beginne. Hy kan iets nuuts begin waar alles vir ons verlore of hopeloos lyk. Miskien is jou moed laag. Miskien lê daar uitdagings voor wat vir jou te groot voel om te hanteer. Onthou dan: God kan wondere doen!

Hy het aan die begin uit niks ’n heel nuwe wêreld gemaak. Hy het in Eli se dae met ’n jong seun nuut begin. Hy het die ballinge ’n nuwe kans gegee. Hy kan ook deur sy wondermag in jǒú lewe iets nuuts begin. Hy kan in sy wondergenade vir jou deure laat oopgaan waarvan jy nooit eers kon droom nie!

Dit het Dawid laat uitroep: “U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorfloedige blydschap. Uit u hand kom net wat mooi is” (Ps. 16:11). Hy kan vir jou vreugde en vrede bring wat alle verstand te bowe gaan (vgl. [Fil. 4:7](#)). Vandag kan vir jou die begin wees van ’n nuwe lewe – ’n lewe waarin God telkens op ’n nuwe wyse werk.

Glo dit! Leef daaruit! Van vandag af!